★ No. 702.] [27 April 1937.

DIE WET OP NATUURLIKE EN HISTORIESE GEDENKWAARDIGHEDE EN OUDHEDE, 1934.—BESKERMING VAN MONUMENTE.

Hierby word vir algemene inligting aangekondig dat dit die Minister van Binnelandse Sake behaag het om, kragtens die mag aan hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), die voorwerpe, soos uiteengesit in onderstaande bylae, te proklameer as gedenkwaardighede kragtens paragraaf (*a*) van daardie artikel.

## BYLAE.

### In die Provinsie Oranje-Vrystaat.

| *Voorwerp.* | *Ligging.* |
|---|---|
| Spelonk met prehistoriese rotsskilderye | Gebied ABCD, 5.675 vierkante voet van onderafdeling S. 1 van die plaas Schaapplaats No. 280, distrik Bethlehem, soos aangedui in S.G. No. 562/1936. |

### In die Provinsie Natal.

| | |
|---|---|
| Monument ter ere van Piet Lafras Uys, Utrecht | Utrecht. |
| Wilde vyeboom............ | By die eerste uitspanning tussen Durban en Pietermaritzburg op die Hoofpadreserwe met uitbreiding op onderafdeling 11 van perseel 47 van Wandsbeck No. 835. |
| Ou Raadzaal, Vryheid, insluitende die Ou Fort | 'n Gebied, benewens daardie geproklameer by Goewermentskennisgewing No. 529 van 1936, om die Ou Fort en muur met skietgate en stroke grond tussen die muur en die Ou Raadzaal en grensende aan die sypaadjie tussen die Raadzaal en die omheining wat die grond van die Openbare Biblioteek sny in te sluit. |
| Bloukrans-monument....... | Bloukrans, distrik Weenen, grondbrief No. 398/98 van restant van restant van Rama, Weenen en grondbrief No 2909/31 onder do. No. 2 van C. 2 van Rama, Weenen. |
| Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg | Pietermaritzburg. |

### In die Kaapprovinsie.

| | |
|---|---|
| Pomphuis, Kaapstad....... | Restant van O.C.F. 38 van perseel 2A (C.T. 1079/24) op die hoek van Prins- en Sir George Grey-straat, Oranjezicht, Kaapstad. |
| Mooimeisjesfontein (Tuiste van Piet Retief) | Figuur gemerk abcdefgh, verteenwoordigende 'n sekere stuk grond groot 15 morge 196 vierkante roede 80 vierkante voet, in die afdeling Albany, synde gedeelte bekend as die „Werf", geleë in die uitbreiding van die dorp Riebeek-Oos. Besit van die plaas Mooimeisjesfontein oorgedra aan die Kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van die gemeente Albany te Riebeek-Oos op 1 April 1910, No. 713/1912—Algemene Plan R. 24*d*. Afgesny No. 2133 van 24 Augustus 1912, *en* figuur gemerk abcdefghijk, verteenwoordigende 'n sekere stuk grond groot 4 morge 598 vierkante roede 37 vierkante voet, in die afdeling Albany, Veldkornetskap Bo-Riebeek, synde Blok Q. 2, afdeling van die plaas Mooimeisjesfontein, geskenk aan die Kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van die gemeente Albany te Riebeek-Oos op 1 April 1910. No. 712/1912. Afgesny No. 2134 van 24 Augustus 1912. |
| Otterdam-reserwe.......... | Plaaslike gebied van die Noordelike Reserwe van Otterdam, afdeling Clanwilliam, soos omskryf by Proklamasie No. 68 van 1935. |
| Taal-monument. Burgersdorp. | Burgersdorp. |

12